

Durbanville Gemeente

# KUNSTE-MOSAIEK

## NUWE PLAN VIR OU KERKBASAAR



Elke jaar staan die Basaarkomitee voor die uitdaging om iets nuuts aan te pak en gemeentede weer opgewonde te kry oor dieselfde “ou basaar.” Vir 2012 is daar besluit dat ons dit in die vorm van ons eie Kunstefees gaan doen.

Gedurende die naweek van 2-4 Maart 2012 gaan Durbanville Gemeente sy eie kunstefees aanbied—die verskil is egter dat hierdie fees ’n Christelike karakter

gaan hê in sy aanbieding van die verskillende kunstgenre’s.

Die fees gaan egter nie beperk wees tot ons eie gemeente nie, maar ons gaan poog om soveel as moontlik van die Durbanville gemeenskap en die omliggende gemeentes te kry om dit by te woon.

Maar om hiervan ’n sukses te maak gaan ons staat maak op hulp van u. Hier is

’n groot verskeidenheid van dinge wat aangepak gaan word en elkeen van u sal ’n plekkie hê waar u ’n bydrae kan maak. Bid daar oor en kom meld u aan asb. Ons het jou hulp nodig.

### In die uitgawe:

Kuns tydens die fees	2
Musiek vir baie smake	2
Skeppende kuns	2
Toneelkuns	3
Verskeidenheid van stalletjies	3
Vermaak tydens die fees	3
Finansies en Administrasie	4

## Van ons feesdominee—Tinus van Zyl

Dit is heerlik om betrokke te wees by die span wat met soveel energie al reeds aan die droom en dink en beplan is vir volgende jaar se feeste. In die verlede het ek al gewonder: “Wat besiel hierdie mense om sulke groot projekte aan te pak?” Maar nou dat ek self deel is van die span, is hulle energie aansteeklik en raak ek self baie opgewonde oor 2012.

Wat wonderlik is van feeste, is dat dit al die elemente van ware kerkwees na vore bring:

**Koinonia:** die gemeenskap van gelowiges – die opbou van die onderlinge band van liefde tussen gelowiges.

**Diakonia:** ’n diens aan die groter gemeenskap waarvan ons deel vorm – dat ons nie net ’n kerk ter wille van onself is nie, maar ter wille van die wêreld.

**Kerugma:** om met blydschap die goeie nuus van Jesus Christus te verkondig op elke moontlike manier – om getuies te

wees van God se nuwe wêreld.

**Leitourgia:** om God te aanbid – om Hom te loof, te dank en te eer, met musiek, kuns en kreatiwiteit. Om met ons hele wese, ons hart, siel en al ons krag, God lief te hê. God het ons immers geskape in sy beeld, sodat ons ook kan skep. Deur skeppend, kreatief en met oorgawe uitdrukking te gee aan ons liefde vir God, ver-eer ons ons Skepper. **Soli Deo gloria** – Aan God alleen al die eer!



## Kuns tydens die Fees

Die Kunste portefeulje vir die Fees staan onder die bekwame leiding van Erns en Marie Conradie. Hulle is baie opgewonde oor hierdie deel van die Fees. Marie was natuurlik ook verlede jaar die Voorsitter van die Basaarkomitee en bring baie ervaring na die Fees.

Die Kunstefees gaan probeer om al die genres

van die kunste te dek. Die volgende word in die vooruitsig gestel:

- Woordkuns
- Klassieke musiek (orrel, instrumente en orkes)
- Kontemporêre musiek
- Kooruitvoerings

- Kinderteater/musiek
- Skilderkuns
- Beeldhouwerk
- Toneel/Drama/Lofdanse

Kontak gerus vir Marie by 021 976 3158 of Mari.c@telkomsa.net as jy graag wil betrokke raak by die kunste-afdeling.

## Musiek vir baie smake

Tydens die Fees gaan daar gepoog word om musiek wat in almal se smaak val aan te bied. Die soorte musiek wat oorweeg word is Klassieke musiek (bv orrel en ander instrumentale werke) wat in die Kerk aangebied gaan word.

Kontemporêre musiek,

wat in meer ligte en/of Gospel styl is word ook beplan.

Vir die kinders word daar ook spesiale kunstenaars gereël wat hulle sal geniet.

Die tieners gaan betrek word in die reël van hulle eie musiek by die Jolkol.

Indien jy betrokke wil raak

met die reël van enige van hierdie aktiwiteite kontak gerus die Kerkkantoor.

**TIENERS HIER IS JUL KANS OM JULLE EIE STEMPEL OP DIE BASAAR AF TE DRUK!**

---

**KUNSTE  
MOSAIEK met  
woord, beeld en  
beweging  
om die HERE te  
vereer, en ander te  
inspireer!**

---



## Skeppende kuns

Die Skeppende Kunste gaan in die Gemeentesentrum aangebied word en daar gaan gepoog word om hier uiting te gee aan die estetiese kant. Mooi kuns, met mooi musiek en heerlike eetgoed in die teetuin op die Gemeentesentrum se stoep.

Die items wat hier te sien gaan wees is die volgende:

- Beeldhouwerke
- Skilderkuns
- Blommekuns

Die tema vir hierdie uitstalling is die Gemeente-tema vir 2012—**Die goeie en mooi God!**

## Toneelkuns & Woordkuns

Wat is 'n Kunstefees sonder bietjie drama. Maar gelukkig nie daardie soort drama nie. Ons beplan om die verskillende soorte toneelkuns op die planke te bring. Die volgende items is op die beplanning en ons hoor graag van jou as jy wil betrokke raak met die volgende:

- Drama
- Toneel
- Lofdanse

Daar word ook beplan om 'n Woordfees in die Kerk se konsistorie aan te bied. Nuwe boek vrystellings en boekbesprekings gaan aangebied word. As taal en godsdienstige literatuur jou passie is, laat hoor asb van jou.



## Verskeidenheid van stalletjies

Soos by enige Kunstefees moet daar stalletjies wees. Die organisering van die reuse taak staan onder leiding van Renee Pretorius. Daar word voorsien dat daar stalletjies gaan wees soos:

- Teetuyn
- Sosaties
- Boereworsrolle
- Hamburgers
- Pannekoek
- Poeding
- Koeldrank
- Spookasem
- Etes (ontbyt/middag/aand)
- Ander tipes kosstalletjies

As jy graag hier wil betrokke raak skakel asb vir Renee by 082 460 3841 of [reeneep@absa.co.za](mailto:reeneep@absa.co.za)

---

“As dissipels van Jesus saam in diens van God se nuwe wêreld”

---

## Vermaak tydens die Fees

Daar word beplan om 'n markiestent op die rugbyveld op te rig en dit sal heeldag oop wees om te kuier. Etes gaan hier bedien word, maar daar gaan ook sambrele en hooibale buite en genoeg ander stalletjies wat ligte verversings en koeldranke

verkoop wees. Hier gaan 'n gratis kunstenaar heeldag optree en ligte musiek sal deurgaans gespeel word. Die tieners van die gemeente gaan hier leiding neem.

'n Speelpark vir die kleiner kinders gaan op die hokkieveld aangebied

word. Dit gaan in die vorm wees van die jaarlikse “drivathon” wat deur die Laerskool aangebied word.

As jy belangstel om hierby betrokke te raak, skakel asb die Kerkkantoor.

NG Gemeente Durbanville  
Weyersstraat  
Durbanville

Tel: 021 975 6370

Fax: 086 577 7652

Epos:

[ontvangs@durbanvillegemeente.co.za](mailto:ontvangs@durbanvillegemeente.co.za)

[www.durbanvillegemeente.co.za](http://www.durbanvillegemeente.co.za)



Kommunikasie, skakel en reklame is 'n belangrike deel van die sukses van so 'n Fees. Plakkate, bemarkingsmateriaal, nuusberigte, en so meer moet georganiseer word. As skakel en reklame werk vir u 'n passie is, skakel gerus met James Wendel by [wendel3@absamail.co.za](mailto:wendel3@absamail.co.za) of 083 384 0980 om u dienste aan te bied.

Vir enige navrae kan die Kerkkantoor geskakel word of die Voorsitter van die Feeskomitee, Andrew Kok by 082 500 6758 of [jakok99@gmail.com](mailto:jakok99@gmail.com)

Besoek ons op die Web by  
[WWW.Durbanvillegemeente.co.za](http://WWW.Durbanvillegemeente.co.za)

## Administrasie en finansies

Die Portefeulje Administrasie en Finansies staan onder leiding van Jackie Pretorius. Jackie gaan oorhoofs leiding neem oor sake soos die finansies en begroting van die Fees. 'n Span wat gaan help met die soek van borge sal haar help om die begroting te laat klop. Uitstillingsruimte vir die borge gaan gegee word en nie-bederfbare goedere stalletjies sal hiermee saam aangebied word.

Kaartjieverkope vir die Fees sal ook van hier georganiseer word.

Uit die Kerkkantoor sal hulp ook verleen word met sake rondom die terrein en ander akkommodasie wat benodig word.

As u kans sien om vir Jackie te help met enige van hierdie take kan u haar gerus kontak by

[Jackie@durbanvillegemeente.co.za](mailto:Jackie@durbanvillegemeente.co.za)  
of 021 975 6370.



ONS HET  
JOU  
NODIG!